# BOERhier

*'n Boer is gekies deur God*

GRATIS
Uitgawe 91
25 Februarie 2024
www.boerhier.co.za

# Die Tuli Beeste Storie

# INHOUD


4 Die Tuli Beeste Storie

10 Alpakka Produksie

14 Teelram voorbereiding vir paarseisoen

18 Damvlakke

19 Boorgat-eienaarskap: Die impak van meer boorgate op grondwaterbronne

23 Nie-nakoming van regulasies kan dameienaars duur te staan kom

28 Olifante se reuksin verbaas

33 Duursame dunwand dien Klein Karoo saadboere

38 Benuttingswaarde van sojareste deur vee onder die soeklig

43 Vrektes aangemeld ná varkpes-uitbreking by George

47 Legendariese Simmentaler-teler oorhandig die leisels

51 Bosluisbeheer

56 Het jy geweet?

57 Veilings (tot bl. 61)

62 Resep: Crockpot Chicken Cordon Bleu

63 Tag ons in jou foto's

64 Wat sê die Markte

65 Vorige Uitgawes



Artikels saamgestel deur BOERhier en Zanmari Crous, AffiePlaas Fotografie en Christine Vosloo Fotografie, in samewerking met die adverteerders.

Ontwerpe en samestelling gedoen deur BOERhier.



Bemarking en kliëntediens word behartig deur BOERhier span.

Kopiereg van BOERhier word streng voorbehou.



Vir verdere navraag, kontak: 073 895 6392 of e-pos info@boerhier.co.za

Besoek ons webtuiste www.boerhier.co.za en www.farmhere.co.za



Inligting verskaf vir advertensie en artikels in BOERhier is ontvang vanaf adverteerders.

BOERhier word gevrywaar van enige verliese of beserings wat kan plaasvind. Lesers word aanbeveel om navorsing te doen voordat 'n transaksie behartig word en 'n produk gebruik word.


Kliek op die pyltjie vir die inhoud bladsy

Kliek op die ikoon om die video te kyk

Voorblad en artikel fotos: beskikbaar tulicattlesocietyofsouthernafrica.org

Foto: Christine Vosloo Fotografie

# Waardig waarde gaan toepas

Die Woord van God is dinamies. Dit is kragtig. Dit is Goddelik. Ja, dit is God se Woord en Sy woorde. God se woorde sal nooit ophou nie. Dit sal vir ewig vir die mens lei en help en wys waar die regte pad is.

As die Bybel mense se woorde was, sou die slim mense dit al lankal alles uitgeklaar het en sou daar dalk oral ’n Bybel op ’n rak gestaan en stof vergader het. Maar nou is God aan die Woord. Juis daarom kan geen mens die laaste punt skryf, toemaak en wegbêre nie.

In die Ou Testament se woorde word beloftes gemaak oor die toekoms. In die Nuwe Testament word die verhaal vertel soos hierdie beloftes waar geword het. In Jesaja 28:11 word voorspel dat ’n hoeksteen gelê gaan word in God se nuwe wêreld.

Ons almal weet dit het waar geword in Betlehem en bevestig op Golgota en die leë graf. 6Ons lees in die Skrif dat God lank gelede al gesê het: “Kyk mooi, in Sion bou Ek ’n steen in. Ek self het die steen gekies en dit op die belangrikste plek in die hele gebou gesit. Iemand wat op dié steen vertrou, sal nooit daaroor jammer hoef te wees nie.”

God het ’n nuwe huis beplan. Die huis van die Ou Testament met sy baie reëls moes opgeknap word. Nee, eintlik moes die hele gebou afgekap word en oor gebou word. Totaal nuwe planne.

God se nuwe huis lyk heel anders en hiervoor het God ’n besonderse hoeksteen nodig gehad waarop al die volgende stene gebou sou word. Jesus was die uitgekose een. Hy het Sy lewe neergelê as die eerste steen van God se nuwe huis.

Maar ’n huis word nie met slegs een steen gebou nie. Daar is baie van hulle. Elke gelowige is een van die stene van God se huis. Ons elkeen speel ’n baie belangrike rol in God se huis. As ons dit nie doen nie, is God se huis nie voltooid nie.

’n Mens besef nie altyd die rol wat ons moet speel nie. Dit is ’n groot verantwoordelikheid om seker te maak dat God se huis reg lyk en dat daar nie gate in is wat veroorsaak dat die mense binne koud kry nie.

Dis eintlik ’n groot voorreg om saam met Jesus die huis van God te bou. Ja, God ag ons elkeen so hoog dat Hy ons toelaat om deel te wees van Sy huis. Omdat Jesus die hoeksteen is, ontvang ons elkeen waarde en is ons goed genoeg om ingebou te word.

Op ons eie is ons te krom en skeef. Op ons eie is ons te sondig. Dit is slegs omdat ons langs Jesus ingebou word, dat ons waardig word. Wanneer ons dan swak is, wanneer ons dan dink ons maak dit nie, moet ons onthou: ons is langs Jesus ingebou en juis daarom het ons groot waarde.

Laat ons dan as waardiges waardevol gaan lewe. Laat ons ’n verskil maak, waar ons waarde toevoeg in God se nuwe huis. Laat ons die mense wat in die koue is, gaan wys hoe waardevolle stene in God se huis kan lewe.

Laat hulle jaloers raak oor ons wat so naby Jesus ingebou is, sodat hulle op die ou end ook hul intrek kom neem as lewende stene in God se huis.

**Teks**

1 Petrus 2:1-8

**Om oor na te dink**

- Besef jy hoeveel waarde jy het?
- Hoe leef jy as lewende steen?
- Vir wie moet jy gaan wys hoe lewende stene behoort te leef?

**Gebed**

Vader, dankie dat ek op Jesus, die lewende hoeksteen kan vertrou. Dankie dat ek kan weet as ek op Jesus vertrou, ek nooit daaroor spyt sal wees nie. Amen.

# Die Tuli Beeste Storie

## Vroeë Geskiedenis van die Tuli Ras

**Die Tuli, 'n mediumraam, inheemse, poenskop vleisbeesras, is gehard, baie aanpasbaar, glad van haar en het 'n natuurlike weerstand teen beide inwendige en uitwendige parasiete. Hy is effekleurig maar kom in skakerings van wit, geel en rooi voor en het 'n kenmerkende lang, diep lyf met goeie breedte en kapasiteit, sterk bene en 'n rustige temperament.**

### Geskiedenis

Tuli GeskiedenisAfrika Beeste is tradisioneel opgedeel in die met skowwe en die daarsonder. Die met skowwe is ook weer in twee groepe verdeel. Die met hul skowwe, meer na agter op die toraks (thoracic hump) word Zebu genoem en die met skowwe meer na vore op die nek (cervico- thoracic hump) staan bekend as Sanga. Volgens die heel nuutste radiokoolstof tegnieke was daar ongeveer 2000 jaar gelede reeds beeste in Botswana en hulle is in alle waarskynlikheid deur migrerende stamme in Suidelike Afrika ingebring. Met verloop van tyd het sangas volop in die omgewing suid van die Zambezi voorgekom. Deur die eeue heen het die beeste deur natuurlike seleksie by verskillende ekologiese streke aangepas. Klein verskille het in die streke voorgekom en die beeste het die basis vir verskeie rasse geword – Tswana tipes waaruit die Tuli afkomstig is; die Afrikaner met sy afstammelinge soos die Bonsmara; en die Nguni met die naverwante Pedi-, Zulu- en Caprivi beeste. Navorsers het sedert die vroeë sewentigs met baie teorie vorendag gekom m.b.t. die kwessie of sangas nader verwant is aan die Europese bos taurus bees of aan die Asiaties bos indicus. Deurslaggewende navorsing in die 1990's, ondersteun deur die wetenskap wat intussen ongekende vordering gemaak het, het onteenseglik bewys dat suider Afrikaanse sangas as Bos taurus geklassifiseer behoort te word. Daar is egter klein maar belangrike verskille (biochemiese o.a), tussen Bos taurus beeste uit Brittanje en Europa en suider Afrikaanse sangas soos die Tuli. Die verskille word o.a deur wetenskaplikes toegeskryf aan mutasie en natuurlike seleksie vir groter aangepastheid by tropiese omstandighede. Op sterkte hiervan is voorgestel dat sangas soos die Tuli as 'n aparte groep, Bos taurus africanus, geklassifiseer word.

### Vroeë Tuli Geskiedenis in Zimbabwe

In die vroeë jare veertig was daar in Suid Rhodesië (vandag Zimbabwe) 'n veeverbeterings skema in plek waarvolgens ingevoerde bulle

van Europese rasse aan die plaaslike bevolking beskikbaar gestel is. Die idee was om die inheemse veestapel te “verbeter”. Mnr Len Harvey, ’n Suid Afrikaans gebore landbou adviseur wat vir die Staat gewerk het, was hoegenaamd nie oortuig dat die skema deurdag was of dat dit noodwendig enige verbetering te weeg sou bring nie. Hy was seker dat die ingevoerde beeste en hulle nageslag waarskynlik nie in die uiters moeilike omgewing sou oorleef nie. Harvey het reeds opgemerk dat daar onder die gewone Tswana tipe beeste, in die suid-westelike hoek van Zimbabwe waar hy gewerk het, ’n spesifieke tipe geel sanga was wat, te oordeel aan hulle konstante goeie kondisie, blykbaar beter aangepas was by die omgewing. Dit het hom vier jaar geneem om die Staat te oortuig, maar in 1945 word 3000 akkers grond in die Trustgebied, 40km suidwes van Gwanda, opsy gesit vir ’n veeteeltprogram met ’n ‘revolusionere’ nuwe benadering gebaseer op verbetering van die inheemse beeste self. Na die nodige infrastruktuur aangelê is, is die eerste groep van 20 koeie en ’n bul wat van die plaaslike bevolking gekoop is in 1946/47 op die plaas gevestig. Binne maande is getalle tot 60 koeie en 2 bulle aangevul. Die plaas, aan die Guyuspruit, ’n sytak van die Tulirivier, het mettertyd bekend geraak as die T.B.S (Tuli Breeding Station). In 1950 is die T.B.S vergroot tot 20 000 akkers en Len Harvey is aangestel as permanente Beampte in Bevel. Aanvanklik is seleksie klem op vrugbaarheid en konstitusie van die koei sowel as haar kalf geplaas, met spesiale aandag aan bene en uiers. Getalle moes vinnig opgebou word, maar besondere klem is gelê op fenotipe en gewig per ouderdom, aangesien verbeterde vleisproduksie by die Tuli die hoofdoel was. In 1954 het Tuli’s vir die eerste keer aan die Matabeleland Skou deelgeneem en boeredae is by die T.B.S gehou. In 1955 is die Tuli as ’n inheemse Rhodesiese Ras geregistreer. Ten spyte van genadelose prul van diere wat nie op standaard was nie was daar in 1961 reeds meer as 1000 Tulis op die T.B.S. Dit was ook die jaar waarin groepe Tuli tollies, tot almal se verbasing, skoonskip gemaak het in slagkompetisies op al drie die grootste skoue in die land. So is die gesogte ‘Triple Crown’ trofee vir die T.B.S verower.

Alhoewel die idee was om beter diere te teel om weer aan die plaaslike bevolking terug te gee is klein getalle diere op ’n soort bruikleen skema aan belangstellende kommersiële boere beskikbaar gestel. In 1961 is ’n Tuli Telersgenootskap gestig en ’n Grondwet en Regulasies opgestel.

In 1962 word Len Harvey se belangrike bydrae tot die landbou in Zimbabwe beloon deurdat ’n M.B.E (Most Excellent Order of the British Empire) deur die Engelse Koningin aan hom toegeken is. ’n Hoogtepunt in die Tuli se vroeë geskiedenis het in 1969 plaasgevind toe Bulawayo die “Vryheid van die Stad” aan die Tulis toegeken het. Met ses uitstaande bulle vooraan is Tuli’s van die T.B.S deur die middestad geparadeer met die Bulawayo doedelsakspelers aan die voorpunt. Op die trappe van die Stadsaal het die burgermeester hulle ingewag en ’n manjifieke bul, Sergeant, is seremoniëel aan die stad oorhandig en herdoop na “Si Ye Pambile” wat Bulawayo se stadsleuse is en in Ndebele ‘Ons gaan vooruit’ beteken. Op die eerste openbare produksie veiling van Tulis in 1965 is die hele aanbod van 39 bulle, 117 verse en 49 koeie deur entoesiastiese kopers opgeraap.

Die ‘moeder kudde’ van 300 koeie het van krag tot krag gegaan. Die T.B.S. kudde is intussen na

die Guyu Kudde herdoop en hieraan is ’n storie gekoppel. Die eerste poenskop bul ( seun van die Basis bul, Mahuke, wat los horings gehad het) is op 21 April 1951 in die droë sanderige loop van die Guyuspruit gebore. Hy is GUYU gedoop. Guyu se invloed op die kudde was so groot dat daar besluit is om die kudde na hom te vernoem en hyself staan vandag in historiese stambome bekend as GUYUGUYU.

In 1978 tree Len Harvey na 40 jaar in die bedryf af. Die ‘Bevrydings Oorlog’ wat teen die tyd reeds vir jare geduur het, het geleidelik in felheid toegeneem. Een nag in 1979 is al die werkers van die T.B.S ontvoer. Daar is gevrees dat die Tulis in groot gevaar verkeer en ’n reuse reddings aksie is deur Ian Smith se Regering op tou gesit. Staatsvoertuie is beskikbaar gestel en al die diere is binne 48 uur na die Matopos Navorsingstasie verskuif. Alhoewel Harvey nog vir ’n ruk as adviseur opgetree het, het die brandpunt van aksie t.o.v. die Tuli voortaan na privaat telers verskuif.

## Tulis in Suid Afrika

Die eerste Tulis, ’n groep van 30 dragtige verse en 3 bulle, is aan die einde van 1976 vanaf die T.B.S in Zimbabwe na Suid-Afrika gebring. Die invoerders was die Bornmann familie en ’n aangetroude familielid, Dr Fanie Kellerman. Dr Kellerman het op ’n stadium in Zimbabwe gewerk en het daar met die Tulis kennis gemaak. Die beeste is op skoue aan die publiek bekend gestel, boere- en inligtingsdae en prestige promosieveilings is gehou en geleidelik het die Tuli ook in Suid Afrika sy merk gemaak. Die Tuli Beestelersgenootskap is op 24 Maart 1994 amptelik gestig.

Die Tuli Beesttelersgenootskap van Suid Afrika het in die afgelope 10 jaar goeie groei gesien in die aantal lede, met ’n verhoging van 183% tot 73 lede met lewende hawe wat by SA Stamboek geregistreer is. Die geregistreerde diere het vanaf ±5000 diere in 2005 verhoog na 9468 diere in 2015.

## Verspreiding

Die Tuli is by uitstek ’n ekstensiewe veldbees wat gedy op natuurlike veld. Die ras het ’n besondere vermoë om enige kwaliteit ruvoer produktief om te sit in vleis. Tulis se ongelooflike aanpasbaarheid word duidelik weerspieël as mens na die beeste se verspreiding kyk. Tulis floreer in alle toestande,

van die duineveld in Namibië, die Noordkaap en Botswana; die warm hartwater bosveld streke in Zimbabwe, Limpopo en die Laeveld van Mpumalanga; die hoë reënval galsiekte en rooiwater gebiede van Mpumalanga en Natal; die koue berghange van die Drakensberge waar sneeu gereeld voorkom; die uitgestrekte Vrystaatse grasvlaktes; die bossieveld in die Karoo; in die koue mistige berge van die Ooskaap sowel as die kusbos daar. Vandag is daar Tulis in Australië, Kanada, die VSA en in die warm tropiese dele van Zambië..

## Eienskappe

Die Tuli is ’n egte Suider-Afrikaanse inheemse ras met ingeteelde gehardheid en aanpasbaarheid wat verkry is deur natuurlike seleksie oor ’n periode van meer as twee duisend jaar. Meer onlangse wetenskaplike seleksie metodes het die klem laat val op ekonomies belangrike einskappe en die moderne Tuli is ontwikkel sonder om die raseienskappe, aanpasbaarheid en gehardheid prys te gee. By vroulike diere is veral vrugbaarheid, melkproduksie en lae kalf mortaliteit nagestreef terwyl groeivermoë, voeromset en karkas kwaliteit by manlike diere beklemtoon is. Die Tuli het in relatiewe isolasie ontwikkel en het ’n unieke genetiese profiel wat hom besonder suksesvol maak in kruisteelprogramme – nie alleen word ’n hoë mate van basterkrag verkry nie maar ’n hoë persentasie poenskop kallers ook. Tuli osse asook kruis kalwers rond makliker op die veld af as baie ander rasse.

Om die ideale Tuli te verseker word net soveel klem op die prestasie as die visuele voorkoms van die ras gelê wat gedoen word volgens die Tuli Standaard van Voortreflikheid.

Bron: https://tulicattle.co.za/p20/geskiedenis/die-tuli-beeste-storie.html

BOERhier 'n Boer is gekies deur God & FARMhere Farmers are handpicked by God & BOERhier VEILINGS

# ADVERTENSIE TARIEWE







## Een prys om in al 3 maandelikse tydskrifte te adverteer

- Volblad Advertensie = R5 500 per maand
- Halfblad Advertensie = R4 500 per maand
- Artikel = R1 500 per tydskrif
- Artikel & Volblad Advertensie = R6 000
- Voorblad paket = R9 500
- Voorblad = R3 500

Bg. advertensies sluit in: Advertensie weekliks op ons 22 sosiale media platforms

**Uitgawe datums:**

- BH Veilings 5de
- FARMhere 15de
- BOERhier 25ste

**van elke maand**

**Opstel van advertensies beskikbaar @ addisionele koste**

***(Terme & Voorwaardes geld)***

BOERhier / FARMhere gee God al die eer vir ons volgehoue sukses.

Kontak ons:

(0) 73 895 6392 | (0) 71 704 6282

info@boerhier.co.za

www.boerhier.co.za

15-16 JUNIE 2024

iTickets

- OPPI-PLAAS FEES - THE OUTPOST DULLSTROOM -

2024 2024

# OPPI PLAAS

## MUSIEKFEES

BOERMEDIA 'N NUWE BEGIN

LYDENBURG point S

No stress with point S!

BOERhier

'n Boer is gekies deur God

McGEE Ford Since 1926

Coastal HIRE

MAHINDRA LYDENBURG

Sol·Tech

DAMLININGS

*WATER IS LIFE!*

Water is the essence of life, and our products ensure its conservation for generations to come.





## We specialise in:

HDPE Damlinings

PVC Liner

Sement Damliner

Kuilvoer Seile

Mesh Damme

Dam Nette

076 062 4272

ANDRE@DAMLININGS.CO.ZA

# Alpakka Produksie

**Alpakkaboerdery in Suid-Afrika is 'n jong bedryf. Dit het begin in die vroeë 2000s toe 60 diere uit Chile ingevoer is deur Dr Gavin Lindhorst, 'n alpakkateler van Inca Vale Alpacas naby Wellington in die Wes-Kaap.**

Alpakkas word aangehou as troeteldiere, as bewakers van skaaptroppe, as teeldiere, maar meestal vir hul hoë kwaliteit haar wat gebruik word vir die maak van gebreide en geweefde items.

Alpakkas het gekussingde pote, 'n effektiewe spysverteringstelsel en toon 'n hoë weerstand teen interne en eksterne parasiete. Hierdie eienskappe, tesame met die goeie isolerende eienskappe van hulle haar, bied aan die alpakka reuse potensiaal vir kommersiële alpakkahaarproduksie.

## Wat is 'n Alpakka

Alpakkas (*Vicungna pacos*) is herkouende diere wat verwant is aan die Suid-Amerikaanse kameelfamilie en kom oorspronklik uit die Andes Gebergtes in suidelike Peru, Bolivië, Ecuador en die noordelike deel van Chile. Die meeste van die 3-5 miljoen alpakkas in Suid-Amerika word gevind in Peru, in areas 3 000 m bo seevlak.

Alpakkas is makgemaakte weergawes van vicuñas, Suid-Amerikaanse herkouers (herkouers is diere met 'n vier-delige maag) wat ook hoog in die Andes gebly het. Ander lede van hierdie kameel-familie is die llama en die tweebultige Baktriese kameel wat inheems is aan Asië.

Hoewel hulle sorg vir vleis vir die mense in lande waar hulle inheems is, word alpakkas hoofsaaklik geteel vir hulle skeerwol, terwyl die stewiger llamas geteel word om swaar vragte te dra. Die langbeen alpakka raak tot ongeveer 94 – 104 cm hoog (by die skouer) en kan tussen 55 en 85 kg weeg. Hulle leef tot 20 jaar en het 'n dragtigheidsperiode van 11.5 maande.

Alpakkas is wakker, nuuskierig, kalm en voorspelbaar en het die geselskap van ander alpakkas nodig. Hierdie rustige en intelligente diere is maklik om te hanteer en word gou kinder- en hond-vriendelike troeteldiere.

Alpakkas gebruik geluide (bv. 'n sagte brom) en lyftaal (bv. die kop word skuins gehou, asook oorbewegings) om hulleself uit te druk. Hulle het uitstekende sig en gehoor en mag 'n staccato-tipe geluid maak as hulle gevaar bespeur. As hulle verskrik is sal hulle as 'n trop saam beweeg, en mag spoeg as hulle bedreig of geïrriteerd is.

Terwyl die wilde vicuñas in hoë en droë, of laagliggende nat gebiede woon, is die makgemaakte alpakkas ewe aanpasbaar en gehard, maar word meestal gevind op plase en in vrylopende boerderysisteme.

## Alpakka Produksie in die Wêreld

Peru, waar die meeste alpakkas gevind word, het die beste genetika en vooruitstrewende veselverwerkingsfasiliteite. Peru is die wêreld se grootste produsent van alpakkavesel en kledingstukke, met ongeveer 80% van die wêreld se alpakkaprodukte.

Kanadese, Amerikaanse, Nie-Seelandse en Australiese alpakkakuddes groei en daar word voorspel dat Amerika teen ongeveer 2020 tot 25% van die wêreld se alpakkaproduksie mag lewer.

China is die grootste invoerder van alpakkavesel in die wêreld.

Australië is baie gevorderd in terme van alpakka genetika en rasverbetering en is ’n goeie bron van ingevoerde alpakkas vir Amerika.

## Gebruike van Alpakkas

Terwyl alpakkas makgemaakte diere was wat as toeteldiere, voedsel en veselbronne gedien het vir die antieke stamme wat in die Andesgebergtes gewoon het, is alpakkas in die Suid-Amerikas hoofsaaklik geteel vir hulle haar. Die baie fyn vesel is gebruik om kledingstukke te brei en te weef wat gewissel het van babaklere tot luukse pakke.

Die Suid-Amerikaanse Quechua mense wat op ’n baie hoë hoogte bo seevlak woon, eet steeds

alpakkavleis, maar die dier word nie kommersieel aangewend vir vleis of melk nie. Alpakkas het baie klein speentjies – so groot soos potloodpunte – en dis baie moeilik om hulle te melk.

Alpakkaramme is uitstekende wagdiere en is al met groot sukses in Suid-Afrika gebruik om skaaptroppe op te pas. Hulle het ’n sterk herdersinstink en sal enigiets wat hul trop bedreig, spoeg, sis, byt en skop.

Alpakkas word ook verkoop as teeldiere om die genetiese materiaal van ander alpakkastoete te verbeter, en is uitstekende, intelligente troeteldiere met ’n egalige humeur.

**Fotos: Marinda Louw**

Bron: https://southafrica.co.za/af/alpakka-produksie.html

CHRISTINE
VOSLOO
FOTOGRAFIE

WESTERN CAPE
CVOSLOO4@GMAIL.COM
060-967-2041

# TE KOOP

## 2 Comet MP30 pumps

Nog net eenkeer gebruik om te sien hoe hul werk

Prys **R10 000** vir altwee

Vir meer inligting kontak Herman:

083 409 4073 (geen WhatsApp)

Email: h79jacobs@gmail.com

SAKELIGA

# KragDag Wes-Kaap

# Prospektus 2024

## 21-23 Maart 2024

# Teelram voorbereiding vir paarseisoen

## Hoe lyk 'n ram wat gereed is vir paarseisoen?

- Kies 'n aanpasbare en prestasiegetoetste ram
- Moet in uitstekende kondisie wees (3.5 – 4 KP)
- Vrugbaar en dekbehendig
- Hoë libido Topfiks om ooie meermale in hittesiklus te dek
- Groot skrotumomtrek vir maksimale spermproduksie – verseker hoë besetting en hoë fekunditeit (meerling geboortes)

## Hoe bereik ons die bogenoemde uitkomste?

### Voeding:

- Ontwikkeling van spermselle neem ongeveer 2 maande. Proewe toon dat die regte prikkelvoeding vir 'n periode van 2 maande die spermproduksie kan verdubbel.
- Om testesgroei en spermproduksie te bevorder – 'n voorvereiste vir hoë lampersentasie – moet teelramme ekstra energie en veral 'n hoë vlak van deurvloeiproteïn gevoer word.
- 'n Hoë deurvloeiproteïnrantsoen het ook 'n hoër en meer intense seksdrang tot gevolg.
- Begin 2 maande voor paarseisoen prikkelvoeding soos ORV Ramkorrel voorsien. Om goeie kondisie teen paring te kry word 0.5 – 2% van liggaamsmassa voorgestel. Sorg altyd dat ramme voldoende vreetspasie het sodat almal gelyktydig kan vreet (+/-60cm per ram).

### Oefening:

Met aanvangs van byvoeding moet geforseerde oefening van ramme begin – laat ramme 30min, 2 keer daagliks vinnig stap – verkieslik 1 tot 2 kilometer per dag.

### Dosering:

Verbeter saadkwaliteit deur ramme 8 weke voor paarseisoen 2 keer per week met koringkiemolie (+/-25ml/ram) te doseer.

Bron: https://www.orv.co.za/a5/algemene-artikels/teelram-voorbereiding-vir-paarseisoen.html

Steyn Groep
Lewendehawe Dienste

# BRANDMERK REGISTRASIES

## NUWE AANSOEKE. HER-UITREIK. OORDRAG VAN BRANDMERKE.

BRANDYSTERS | BRANDYSTER OONDE | NEKKLAMPE EN KRALE

stngroep@gmail.com 0724038305

BOERBOEL
WEAR
VARS
VOORRAAD
GEMAAK IN SA

14 - 15 MAART 2024

# GRIEKWASTAD SKOU

PERSIE SKOU
BOERBOK STREEKSKAMPIOENSKAP
SAVANNA STREEKSKAMPIOENSKAP
INTERRAS-BEESSKOU
SLAGLAM KOMPETISIE

Anja Meintjes - 082 374 8290
griekwastadskou@gmail.com

# DAMVLAKKE

**Soos op 20 Februarie 2024**




| Februarie | | |
|---|---|---|
| | 2023 | 2024 |
| Oos-Kaap | 81% | 83% |
| Vrystaat | 109% | 92% |
| Gauteng | 102% | 87% |
| KwaZulu-Natal | 96% | 89% |
| Limpopo | 91% | 86% |
| Mpumalanga | 103% | 99% |
| Noord-Wes | 86% | 78% |
| Noord-Kaap | 112% | 83% |
| Wes-Kaap | 50% | 68% |

Provincial Summary (sawx.co.za)

BOERhier

www.boerhier.co.za

# Boorgat-eienaarskap: Die impak van meer boorgate op grondwaterbronne

Die uitsonderlike foto is deur Johan Smit geneem waar vir water geboor is in die Karoo

**Grondwater beweeg grotendeels saam met die topografie van hoër- na laerliggende dele. Parys se grondwater beweeg dus van die suide noordwaarts na die Vaalrivier as die laagste punt.**

Die afgelope maande dreunsing boormasjiene oral in Parys met die dorp se ewigdurende waternood wat al meer mense noop om boorgate te boor. Gazette het met raadgewende hidrogeoloog en kundige, Johan Smit, hieroor gesels. Johan noem dat een boorkontrakteur vanjaar al byna 60 boorgate in Parys geboor het. Hy weet ook van ten minste vyf boorkontrakteurs wat per geleentheid in Parys boor. Dit is dus veilig om aan te neem dat ver meer as 100 boorgate slegs vanjaar in Parys geboor is, sê Johan. Maar wat is die implikasie hiervan? Johan gee in 'n reeks artikels meer inligting oor wat jy moet weet van boorgat-eienaarskap.

## Die wettigheid van boorgate:

Volgens Skedule 1 van die Nasionale Waterwet (36) van 1998, is enigeen geregtig op die gebruik van water vir redelike huishoudelike gebruik van 'n waterbron waartoe hulle wettiglik toegang het. Dit sluit dus die grondwater onder jou eiendom in. Omdat die plaaslike munisipaliteit konstant in gebreke bly om voldoende huishoudelike water aan Parys en sy inwoners te voorsien, is daar dus niks mee fout om boorgate te boor om die waternood te verlig nie. Wanneer die watergebruik egter buite Skedule 1 gebruik val, soos byvoorbeeld vir landbou, mynbou of ander kommersiële doeleindes, moet die watergebruik geregistreer of gelisensieer word, wat 'n volledige hidrogeologiese volhoubaarheidsondersoek behels. Dus kan enigeen nie net langs jou 'n spilpunt opsit sonder die nodige studies om te bepaal of dit die bron gaan uitput nie.

Ek het egter al by meer as een geleentheid gehoor van mense wie se boorgate ingegee het of 'opgedroog' het, veral kort na 'n buurman geboor het. Wat staan jou dan te doen? Ongelukkig niks nie.

Net soos wat jy 'n reg tot die water onder jou eiendom het, het jou buurman ook, en omdat dit 'n geïntegreerde waterbron is waaruit almal put, gaan meer boorgate 'n groter impak op die bron hê.

Sedert ek my boorgat byna drie jaar gelede geboor het, het die watervlak van 3.5m tot oor die 6m gesak – en dit sluit twee uitsonderlike reënvaljare in wat bydra tot die hervulling van die grondwater, en lei tot die styging in vlakke.

Die drastiese daling in vlakke wys dus watter enorme impak die addisionele gate in Parys op ons grondwaterbronne het. Die erwe in die boonste (suidelike) deel van die dorp wat vlak boorgate het, gaan die ergste geraak word, omdat die daling in watervlak die meeste hoër op behoort te wees. Grondwater beweeg grotendeels saam met die topografie van hoër- na laerliggende dele. Parys se grondwater beweeg dus van die suide noordwaarts na die Vaalrivier as die laagste punt.

Die situasie gaan egter nie gou verbeter nie, en al hoe meer mense skraap geld bymekaar om te boor, net om ten minste water te kan hê. Dit gaan net nog 'n groter las op die bron plaas, en as ons 'n jaar of meer van ondergemiddelde reënval gaan beleef, gaan meer mense se boorgate probleme optel.

## Wat van gedeelde eienaarskap?

Ongelukkig kan jy nie die water uit jou boorgat aan jou bure verkoop nie, want daarvoor moet jy as 'n waterdiensverskaffer registreer om 'n gebruikslisensie te bekom, wat ook 'n volhoubaarheidstudie gaan behels. Die menslike ding om te doen is om die water gratis aan die gemeenskap in nood beskikbaar te stel. Net so is dit ewe menslik vir dié wat gereeld water gratis ontvang, om nou en dan by te dra tot die lopende kostes van die water wat hulle gratis ontvang, hoewel dit nie wetlik vereis kan word nie.

Om die koste van 'n boorgat en lopende uitgawes soos filters en elektrisiteit tussen 'n paar bure te deel is dus moontlik op hierdie vriendskapsbeginsel, maar egter net vir 'n tyd, aangesien dit nie 'n reg is wat oordraagbaar is met die verkoop van die eiendom waarop die boorgat gesink is nie.

Die beste roete is dus om jou eie boorgat laat boor, wat die waarde van jou eie eiendom lig. In die volgende artikel gaan ons kyk na hoe om onsself van toenemende boorgatprobleme te beskerm

Lees ook: https://www.citizen.co.za/parys-gazette/news/2022/10/13/baie-vrae-oor-grondwater/

**Johan Smit het sy graad in M.Sc Omgewingswetenskappe (Hidrologie en Geohidrologie) aan die Noordwes Universiteit se Potchefstroom-kampus verwerf. Hy is 'n raadgewende hidrogeoloog van Parys, en is die afgelope bykans 20 jaar in die dorp gevestig. Johan kan geskakel word by 083 204 4674, of stuur e-pos na johan@tsunamiresources.com**

Bron: https://www.citizen.co.za/parys-gazette/news/2022/10/13/baie-vrae-oor-grondwater/

# BOSTU

## - BOERBOELS -

*" Bred for Perfection, Raised with Love. "*

*SA Studbook National Elite Kennel 2022...*

CHEREEN & THYS VON SOLMS

082 4494889 | 083 4478844

bostuboerboels@gmail.com

www.bostuboerboels.com

Bostu boerboels


Bostu BOERBOELS

Baanbreker **PLANTERS**
vir **klein plase & plotte**

www.eden-equip-online.co.za
info@eden-equip.co.za
(+27) 63 775 8684

- Dekgewasse
- Weidings
- Groente
- Mielies

- Herlewingslandbou
- No-till
- Drukbeweiding
- Vervaardig in SA

eden equip

VIR DIEREGEBRUIK ALLEEN.

# LONGRANGE ①†

Reg. Nr. G4328 (Wet 36 van 1947)

**INSPUITBARE OPLOSSING**

**INSPUITBAAR**
- Biobeskikbaarheid
- Nie beinvloed deur reënerige weer nie
- Gratis spuit saam waardepak

**112 DAE DEKKING***
- 1 maand meer dekking as enige ander Fluasuron produk op die SA mark[1]
- 54 dae "knock-down"[2]

**RONDEWURM BEHEER**

**WAARDE VIR GELD**
- Koste per kop per dag
- Fluasuron verminder die bosluis-lading op die veld wat lei tot minder produksieverliese[3]

ANTROVET

* Voorkom die herbesmetting van die blouboslulse vir tot 112 dae.
Verwysings: 1. IDR Data -Fluasuron 12,5 % opgietmiddel. 2. Antrovet data op leër.
3. De Meneghi et al. 2016, "Ervarings met bosluisbeheer deur toengif in die tradisionele beesektor in Zambië en Burkina Faso: moontlike gevolge vir die omgewing en die openbare gesondheid"

Longrange inspuitbare oplossing. Bevat: Fluasuron 12,5 g and Ivermektien 3,15 g per 100 ml. Registrasienommer G4328 (Wet 36 van 1947). Registratsiehouer: Antrovet SA (Pty.) Ltd. Co. Reg. No.: 2010/001184/07. Postbus 60577, Pierre van Ryneveld, 0045. Tel: +27 (0) 11 826 2988, www.antrovet.co.za.

† Makrosikliese laktoon.

# Nie-nakoming van regulasies kan dameienaars duur te staan kom



**Die Departement van Water en Sanitasie (DWS) rig 'n versoek aan die publiek om die departement se damveiligheidskantoor te nader vir leiding oor aansoekvereistes vir lisensies om nuwe damme te bou of wanneer hulle 'n dam wil verander of vergroot.**

Volgens die DWS se woordvoerder, Sputnik Ratau, sal die Blou Skerpioen-eenheid voortgaan om nakoming van regulasies op dameienaars af te dwing wat die wet oortree, aangesien dit ’n kriminele oortreding is om ’n dam te bou sonder om die vereiste lisensie te bekom. Daar is drie wetlike vereistes waaraan voldoen moet word voordat ’n persoon ’n dam kan bou, verander of herstel. Daar moet bepaal word of die dam veilig is, of die reg bestaan om die water in so ’n dam te mag gebruik en wat die impak op die omgewing sal wees.

Hierdie versoek van die DWS kom na aanleiding van ’n onlangse uitspraak wat deur die Watertribunaal van Suid-Afrika gelewer is. Die uitspraak handel oor ’n aansoek deur die Corona Farm Trust om verlof tot appèl, met die oog op die verkryging van ’n beslissing om met die bou van ’n onwettige dam op die plaas Bergview in die Winterton-distrik, KwaZulu-Natal, voort te gaan. Die aansoek is egter van die hand gewys.

Volledige inligting in hierdie verband kan verkry word by damsafety@dws.gov.za of besoek https://www.dws.gov.za/DSO/Default.aspx

Bron: https://www.scenario.co.za/af-ZA/News/Article/View/nie-nakoming-van-regulasies-kan-dameienaars-duur-te-staan-kom

**BOERhier** *'n Boer is gekies deur God* & **FARMhere** *Farmers are handpicked by God*

# ADVERTEER BY ONS!

## Gratis **Digitale** Tydskrif

**vanaf 2017**

**Bereik maandeliks meer as 120 000 lesers**

## WAAROM BY ONS ADVERTEER

- **Ons boere boer met hul slim toestelle byderhand.**
- **Hulle neem aktief deel aan al ons digitale platforms.**
- **Ons drie e-tydskrifte en video's beland direk op hul selfone.**

## ONS UITGEBREIDE REIKWYDTE NA DIE REGTE MARK

**71,000+**
**volgelinge op sosiale media**

- BH Volgelinge 36k
- FH Volgelinge 8.7k
- BHV Volgelinge 8k
- BHG Volgelinge 14k
- FH Instagram 2k
- BH Instagram 2,7k

**15,000+**
**Whatsapp database**

**34,000+**
**tydskrif epos database**

Kontak ons:

(0) 73 895 6392 | (0) 71 704 6282
info@boerhier.co.za

**www.boerhier.co.za**

# Psalm 36:8

“Hoe kosbaar is U goedertierenheid, o God!’

Foto: AffiePlaas Fotografi

GELUKKIGE TREKKING
WEN 'N JAGPAKKET VAN 'N LEEFTYD
VIR JOU EN 'N VRIEND
DE BEER SAFARIS
www.debeersafaris.com
ADELAIDE | OOS-KAAP
BY DE BEER SAFARI LODGE
5 aande vir 2 persone
Ingesluit: akkommodasie, etes, drankies, jag-bakkie en 'n professionele jaginstrukteur
2 Trofee koedoebulle
2 Trofee bosbokramme
2 Trofee rooibokramme
2 Trofee rooiribbokramme
2 vlakvarke en 5 springbokke
R200 per kaartjie
R10 000 WILDMAN KATHU GESKENKBEWYS
NLC
NATIONAL LOTTERIES COMMISSION
LOTTO FUNDED
SSG CASES
WILDMAN
KATHU
DROOGTE HULP
Fondse ten bate van landbou-bevordering
KAARTJIES ASOOK TERME EN VOORWAARDES BY ITICKETS.CO.ZA
ITICKETS
Net persone ouer as 18 jaar kan aan die kompetisie deel neem.

# Myburgh Toerusting

Vir die Boer, van die Boer

## Bol-’n-Vlieg

## Moeg vir vlieë

**Plaaslik vervaardigde vlieëvanger**
**082 417 0175**

**Koop nou:**
**https://myburgh-toerusting.myshopify.com/**

**Bol-’n-vlieg** Produkte

R203 1 pak,  R995 5 pak,  R1950 10 pak

Elke implement wat ons verkoop is gebou om te hou.
Kwaliteit lê my na aan die hart.

mybtoer@gmail.com
082 417 0175
www.mtoer.co.za

# Olifante se reuksin verbaas

**Afrika olifante deel 'n sogenaamde "trop-reuk" wat dit vir hulle maklik maak om lede van hul eie trop te herken. Dié het meer te doen met die bakterie wat hulle aan mekaar afvee gedurende hul rituele groetsesssies as die feit dat hulle dalk verwant mag wees. Dié olifante is ook besonders goed daarmee om 'n mens se spoor te volg, sê bewaringskundige dr Katharina von Dürckheim van die Universiteit Stellenbosch (US).**

Sy het in Desember 2021 haar PhD in bewaringsekologie oor die onderwerp aan die US verwerf. Sy lei nou die nuwe Wildlife Free to Roam (WFR) navorsingsprogram aan die US. Daardeur word gefokus op die skep van verbindingsroetes wat wild sal toelaat om makliker te beweeg tussen talle groot oorgrens-bewaringsgebiede in Suider-Afrika.

## "Olifant posbusse"

"Olifante laat urine en mis langs die roetes wat hulle volg. Dié is as't ware kommunikasie-spilpunte of "olifant posbusse'. Dit bevat reuk-boodskappe wat ander olifante toelaat om te monitor watter ander olifante in die omgewing is, en moontlik gereed is om te paar," verduidelik Von Dürckheim.

"Wanneer daar 'n kol urine op die grond is sal 'n olifant eers op daardie sandkol blaas en 'n soort stofstorm van partikels veroorsaak. Daarna asem die dier dit diep in deur sy slurp, en voer soms partikels na die Jacobson's orgaan in die bokant van die mond, in wat ons 'n flehmen-reaksie noem."

Haar PhD-tesis het die amptelike titel van "Olfaction and scent discrimination in African elephants (Loxodonta africana)" gedra.

Wat die amptelike titel egter nie verklap nie, is dat hierdie ma van twee en 'n MBA-gegradueerde daarby gedurende die loop van haar studies die kans gehad het om deel te wees van 'n groot verskuiwingsoperasie van 120 olifante in Malawi. Sy het ook saamgewerk met deskundiges van die Amerikaanse Leër wat die vermoë van wilde diere om landmyne te bespeur bestudeer het, en daarom ook olifante se besonderse reuksin ondersoek het.

Dit was die uiters geritualiseerde manier waarop Afrika-olifante mekaar groet – iets wat Von Dürckheim oor die jare al dikwels die voorreg gehad het om waar te neem – wat haar aangetrek het tot haar PhD- onderwerp.

"Afrika olifante het hierdie fassinerende, rituele groet-seremonie wanneer hulle bymekaar kom. Selfs mak olifante doen dit steeds. Hulle urineer, ontlas, skei vloeistof van hul temporale kliere af, brom, trompetter, draai in die rondte en flap hulle ore om 'n soort 'pagiderm-parfuum' te versprei. Dis iets wat my herinner aan hoe skoenlappers en motte hul vlerke waai om feromone te versprei."

Nie-herkouende diere soos olifante, renosters en seekoeie word as pagiderms geklassifiseer.

## Chemiese boodskappe

Von Dürckheim het haarself begin afvra: "Watter boodskappe bevat hierdie chemiese seine wat



olifante elke keer afskei? Dit moet tog 'n funksie hê."

Gegewe haar onderwerp was haar PhD werklik 'n reuse-taak, maar tog het sy daarin geslaag om oor jare heen baanbreker-navorsing te doen. Sy het vir die eerste keer in diepte gekyk na die chemie agter die afskeidings van die genitalieë en speeksel- en temporale kliere van vrylopende Afrika olifantkoeie. Laasgenoemde veroorsaak die tipiese "tranerige oë" van 'n Afrika olifantkoei – iets wat selde by Asiese olifantkoeie gesien word.

Haar navorsing toon dat Afrika olifante deur aan urine en mis te snuif kan onderskei tussen onbekende en bekende lede van hul spesie. Hulle kan ook tussen individuele olifante onderskei op grond van die "reuk" wat afgeskei word deur die temporale en speekselkliere, en genitalieë.

## Genetika nie die sleutel

In hierdie proses speel genetika – en dus of een dier verwant is aan 'n ander – blykbaar nie juis 'n rol nie. So het Von Dürckheim uitgevind deur 'n konsep genaamd die reuk-geen kovariansie (of OGC) te ondersoek. Dié konsep is reeds in baie ander diere nagevors is, maar Von Dürckheim was die eerste wat dit by olifante ondersoek het.

"Om OGC te bestudeer ondersoek jy bloed en DNS, en analiseer die liggaamschemie van verwante en onverwante diere. Jy kyk of verwante diere weens genetiese verwantskap 'n meer soortgelyke chemiese profiel het as onverwante diere, of nie."

Terwyl verwante olifante wel baie chemiese samestellings deel, het sy gevind dit wissel in intensiteit en identiteit.

Haar navorsing het aangedui dat daar iets soos individuele identiteitsreukprofiele onder Afrika olifante bestaan. Die diere kan ook seine optel wat vir hulle aandui hoe oud 'n ander olifant is volgens afskeidings van die temporale en speekselkliere. Reuk-aanduiders wat wys op 'n genetiese verwantskap is slegs gevind in die labiale afskeidings van volwasse olifant-susters.

Von Dürckheim wou ook uitvind of daar iets soos 'n kenmerkende "tropreuk" of "groepreuk" is, omdat olifante sulke groeplewende diere is en verwante diere kan herken. Sy kon egter nie 'n verband vind tussen 'n tropreuk wat aandui dat 'n groep genetiese verwant is nie. Dit lyk egter wel asof daar 'n reuk bestaan wat lidmaatskap tot 'n spesifieke trop aandui.

Dit wil voorkom asof dié tropreuk wat sommige olifante deel eerder veroorsaak word deur bakterie. Dis ook die geval by hiënas en meerkatte.

"Bakterie word maklik uitgeruil as lede van dieselfde groep byvoorbeeld hul liggame teen mekaar vryf en mekaar se liggame met hul slurpe ondersoek.

"Dis bes moontlik hul gedeelde bakterie wat 'n spesifieke tropreuk veroorsaak, en nie noodwendig omdat die diere verwant is aan mekaar nie.

"Dit beteken egter nie dat olifante nie familielede kan herken nie, of dat daar nie iets soos 'n genetiese teken van verwantskap bestaan nie. Baie navorsing dui daarop dat urine so 'n genetiese merker bevat. Dit moet egter nog in olifante nagevors word."

## Hoe olifante mense herken

Deur met olifante in gevangenskap te werk, het Von Dürckheim meer geleer oor hoe hulle hul reuksin gebruik as dit by mense kom.

"Olifante is baie bedrewe om tussen mense te onderskei volgens reuk. Hulle kan 'n spesifieke mens oor 'n gebied heen naspoor.

"Ons het byvoorbeeld 'n eksperiment gedoen waarin ons iemand 'n ent weg die veld in laat stap het. 'n Uur later het ons 'n olifant sy spoor laat volg. Hulle het die mens elke keer suksesvol opgespoor. Die resultaat was merkwaardig."

Haar studies het gewys dat olifante hul reuksin kan gebruik om tussen drie generasies van mense te onderskei, en ook minstens tussen nege verskillende mense.

***"Hulle leer ontsettend vinnig."***

**Outeur: AgriSciences (Engela Duvenage)**

Bron: https://www.sun.ac.za/afrikaans/Lists/news/DispForm.aspx?ID=8928

ZAZU LIFE

AGRIFUTURE

ZAZU LIFE AGRIFUTURE

BETAAL DUBBEL

by onnatuurlike dood

Vir die Boer en sy werkers

Kontak ons gerus vir meer inligting.

064 538 7740 | agri@jocama.co.za

Onderskryf deur

GUARDRISK

TAILORED RISK SOLUTIONS

ZAZU Life FSP 5070. Underwritten by Guardrisk Life Ltd Licensed life insurer and FSP No 76. Visit zazulife.co.za for Ts & Cs.

#SustainabilitySynergised

PEOPLE | PLANET | PROFIT

BKB

The Trusted Home of Agriculture

Die Betroubare Tuiste van Landbou

#IntegrityIntegrated

SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP | EARNING | EMPLOYEES | ENVIRONMENT

# AffiePlaas Fotografie

## Landbou Fotograaf/ Videograaf

Veiling bemarkingsmateriaal

Katalogus fotos en lot videos

AffiePlaas Fotografie

Veiling bemarkingsvideo

Drone beskikbaar

Opsommingsvideo van veilingsdag/boeredag

Sosiale media bemarking

Zanmari Crous
066 226 8247

# SOMS IS JOU RIDDER OP 'N WIT PERD 'N BOER IN 'N BAKKIE



# Duursame dunwand dien Klein Karoo saadboere

**Drupbesproeiing en saadproduksie het reeds 'n lang saamloop-geskiedenis. Histories is drukgekompenseerde dikwanddrup gebruik om aan te pas by die feit dat uiesaad, byvoorbeeld, elke jaar geskuif moet word en dat alle lande nie topografies dieselfde lyk nie. Daar is in die vroeë 2000s tipies gebruik gemaak van 3.5 liter per uur druppers wat 60 cm uitmekaar gespasieer is op die druplyn. Die tipiese vloeitempo het later afgekom na 2.3 liter per uur.**

Soos die bedryf drupbesproeiing, die grondtipes en die gewasse leer ken het, is besef dat nader drupperspasiërings besproeiing baie meer effektief kan maak met minder oorbesproeiing en loging van voedingstowwe. Die tradisionele tipe drup was te duur om nader spasiërings te regverdig. Die gebruik van langtermyndrup saam met baie swak watergehalte veroorsaak ook kopsere as gevolg van druppers wat oor die langtermyn verstop. Ook is die oprol, beweeg, her-afrol en stoor van dikwanddrup baie arbeidsintensief en dikwels 'n groot uitdaging.

Verskeie rolspelers, waarvan Netafim een was, het in samewerking met produsente met proewe begin in saadproduksiegebiede om ondersoek in te stel na die gebruik van 'n nie-drukgekompenseerde drupper, dunner wand druplyne, laer lewering en nader spasiërings. Die oefening was hoogs suksesvol en dit was die begin van 'n skuif in die saadproduksiebedryf na 'n nuwe besproeiingsbenadering.

"Ons het ongeveer 'n dekade gelede besluit om na dunwanddrup met 30 cm spasiërings en ook laer lewering van 1 liter per uur oor te skakel. Die grootste motivering hiervoor was ons strewe na meer uniforme opbrengste," sê Louis Zaayman van Zaayman Boerdery naby Calitzdorp. Volgens Zaayman gee dié benadering jou baie meer beheer oor kunsmis- en waterlewering. Dit lei natuurlik tot beter uniformiteit en hoër opbrengste.

Zaayman sê die bedryf het die afgelope 10 jaar groot vordering gemaak. "Ek dink 10 jaar terug sou die manne vir jou gelag het as jy van vandag se opbrengste gepraat het. Baie hoër opbrengste is wel nou 'n realiteit. Dit is te danke aan die verbetering van verskeie bestuurspraktyke wat te doen het met kunsmis, bestuiwing, waterbestuur en meer. Die skuif na laer lewering druppers en nader spasiëring was beslis een van die faktore wat 'n groot rol gespeel het."

John Fullard van Farm Acres 4 boerdery naby Barrydale gebruik vir die afgelope 8 tot 10 jaar reeds dunwanddrup met 1 liter per uur vloei en 30 cm spasiëring. Hy sê dat jou opbrengs net so goed is soos jou plantestand en besproeiing. "Besproeiing is 'n massiewe deel van jou sukses so ek moet druplyne insit wat die taak reg kan doen. Dit is jaarliks 'n groot belegging maar as ek weet die drup en my besproeiingsbenadering is reg, dan is die belegging die moeite werd."

Fullard beklemtoon dat die beheer wat dié besproeiingsbenadering moontlik maak, jou toelaat om die wortelsone optimaal te bestuur. "Dit is veral belangrik omdat ons met swak gehalte water werk. Die wortelsone moet vir soute geloog word en daarom is die doel om die wortelsone voortdurend nat te hou sodat soute uitgestoot word tot aan die buitekant van die wortelsone.

"Die belangrikste is dat ek die regte besproeiingstoerusting het wat die werk kan

Louis Zaayman van Zaayman boerdery en Byron la Trobe van Netafim SA in 'n uiesaadveld.

doen, maar waarop ek ook kan staat maak om dit regdeur die seisoen te doen. "

## Dik en dun

Die nadele van langtermyn dikwanddrup sluit 'n arbeidsintensiewe afrol en oprol proses in asook die feit dat druppers oor die langtermyn verstop en dit uniforme lewering affekteer.

"My watergehalte is eenvoudig so swak dat ek nie langtermyndrup kan gebruik nie. Dit maak baie meer sin om dunwanddrip te gebruik wat ek boonop met baie groter gemak kan uitrol en weer uit die veld haal. Die volgende seisoen gebruik ek dan weer nuwe druplyne. Nie net klop die som beter nie, maar dit pas ook beter by die aard van my boerdery."

Zaayman voeg by dat dunwanddrup-rolle net soveel makliker is om te hanteer. "Ek kan maklik 'n klomp rolle op 'n bakkie laai en na die manne in die veld neem. Hulle het staanders waarop die rolle gaan en draf vinnig daarmee deur die land om die drup af te rol. Ons hoef ook nie, soos met die dikwanddrup, dele te las nie, dit maak die risiko vir nie-uniforme besproeiing baie laer. Met die dunner wand is die risiko vir skade tydens die afrolproses egter weer hoog, maar indien jy in gehalte drup belê wat gehard is teen die tipe skade, kan daardie uitdaging ook oorkom word."

"Ek het lank dikwanddrup vir besproeiing van saadproduksie gebruik," sê Andre Fourie van JLA Boerdery naby Calitzdorp. "Met die droogte het die watergehalte egter so swak geraak dat dit vir my baie meer sin begin maak het om na enkelgebruikdrup oor te slaan waar ek elke seisoen met nuwe druppers kan begin waarvan die lewerings akkuraat is." Buitendien, voeg hy by, spaar hy ook tyd en arbeid omdat die installasie en uithaalproses soveel makliker is.

Johan Fourie en Adre Fourie van JLA Boerdery.

Alle voordele kom gewoonlik met nadele, en in die geval van dunwanddrup is die ophoop van gebruikte drup op die plaas en die hoë tempo van plastiekgebruik beslis 'n nadeel. "Vir ons is die grootstte uitdaging met dunwand die groot hoeveelhede afvaldrup wat dit veroorsaak. Dit is belangrik dat daar 'n herwinningsoplossing moet wees. Gelukkig werk Netafim saam met ons om so 'n oplossing te vind en die maatskappy het reeds in ons gebied met die nodige beta-toetse vir 'n herwinningsoplossing begin. Ek sien dit as 'n voordeel as herwinde pyp weer in pyp gebruik kan word, soos wat Netafim reeds in ander lande te werk gaan. Ek sal bereid wees om meer te betaal, as ek weet daar is 'n herwinningsoplossing nadat ek die pyp gebruik het, " sê Zaayman.

## Plaaslike druplynproduksie

Netafim Suid-Afrika het aan die begin van 2023 die eerste plaaslik geproduseerde rol van die staatmaker dunwanddruplyn, Streamline™ X, gelewer. Streamline™ X is 'n uiters duursame dunwanddruplyn en is reeds 'n geruime tyd beskikbaar op die mark. Met die begin van plaaslike produksie kon die druplyn egter teen meer kompeterende pryse aangebied word en het dit vir verskeie Klein Karoo saadboere die geleentheid gegee om dié druplyn vir die eerste keer op hulle uie- en wortelsaadvelde in te span.

"Ons het die besluit geneem om al ons saadproduksie se besproeiing op een slag oor te skakel na Streamline™ X," sê Zaayman. "Hieroor is ons beslis nie spyt nie, ons eerste ervaring van die produk is baie positief en ons sal beslis nou daarby bly."

Zaayman vertel dat hulle hierdie seisoen nie 'n enkele verstopping gehad het nie, vergeleke

Chris Malan en Byron la Trobe van Netafim saam met John Fullard (middel).

met vorige jare waar verstoppings volop was. “ Dit is vir my die heel belangrikste faktor omdat dit uniforme lewering en dus uniforme opbrengs beïnvloed.”

Fullard voeg by dat barste en lekkasies by hom ook baie minder was as in vorige jare. “Al die ander dunwandprodukte, het maar ’n ent in die seisoen in begin bars. Dié jaar was daar opvallend minder barste en moes ons aansienlik minder lassies insit.”

Fourie sê dat lekkasies wat as gevolg van installasie en algemene hantering van die pyp gewoonlik voorkom, ook baie minder was as vorige jare. “Buiten die plekke waar die enkele muis die pyp beetgekry het, het ek glad nie lekkasies gehad nie. Na die eerste seisoen kan ek beslis bevestig dat dit die beste produk is van die dunwandprodukte wat ek al gebruik het.” Fourie sê hy het die produk gekies omdat dit op papier hoër druk kan hanteer. “Daar is nou bewys dat dit ook in die praktyk die geval is.”

Fullard sluit af dat die grootste voordeel van die gebruik van ’n Netafim produk die ondersteuning in die veld is. “Daar is verskeie ander produkte in die mark wat ek al probeer het, maar met nog geen van die produkte het ek so ’n vlak van ondersteuning na installasie gehad nie. Ons het ook nie een keer die seisoen vir voorraad gewag nie. Ek moet die foon kan optel en die handelaar of verskaffer se kundige kan bel as daar ’n probleem is en hulle moet my kan help om die probleem uit te sorteer. Met Netafim en sy handelaars is dit beslis die geval. Dit is ’n baie groot voordeel.”

Bron: https://www.netafim.co.za/blog/duursame-dunwand-dien-klein-karoo-saadboere/


# Graphic Design services

**FROM PRINT DESIGN TO LOGO DESIGN AND EVERYTHING INBETWEEN.**

- Brochures
- Reports
- Magazines
- Adverts (print and social media)
- Word and PPT formatting and template design
- Invitations
- Logos
- Corporate branding
- Signage
- Posters
- Letterheads • Business cards • Flyers
- Transcribing (audio to text)

For more information please contact: 082 784 1838
cpietersen001@gmail.com

**BOERhier** *'n Boer is gekies deur God* & **FARMhere** *Farmers are handpicked by God*

# *GOEIE NUUS:*
# ADVERTEER BY ONS!

**Gratis Digitale Tydskrif vanaf 2017**

**Bereik maandeliks meer as 120 000 lesers**

BOERhier / FARMhere het **3 nuwe LinkedIn** sosiale media bladsye en ons het voortgegaan om alle advertensies op hierdie platforms te deel sonder ekstra koste.

**Dit bring ons advertensieplatforms tot 22 nou:**

- 2 x webwerwe,
- 2 x besigheid FB bladsye,
- 2 x FB Groepe,
- 3 x LinkedIn bladsye,
- 2 x Instagram-bladsye,
- 1 x TikTok bladsy,
- 1 x YouTube-kanaal,
- 3 x tydskrifte en
- 6 x FB bestuursprofiele.

**Ons streef daarna om voortdurend aan ons kliënte kwaliteit en effektiewe advertensies te bied.**

BOERhier / FARMhere gee God al die eer vir ons volgehoue sukses.

Kontak Ons:

(0) 73 895 6392 | (0) 71 704 6282

info@boerhier.co.za

**www.boerhier.co.za**

First Guard™

# Crypto-Paste

Reg. No. V34198 (Act 36 of 1947)

## Scientifically formulated supplement paste to support GUT INTEGRITY during intestinal disturbances.

## Support when *cryptosporidium* infection is suspected.

### SPECIALIZED GLYCEROL ESTERS
Have antiparasitic & anti-inflammatory effects in the hindgut.

### SPECIALIZED FATTY ACIDS
Help enhance epithelial renewal and regulate microbial populations.

### NUCLEOTIDES
Promote longer and stronger gastro-intestinal villi.

### PREBIOTICS
May reduce the risk or severity of scours, caused by disruption of the normal intestinal environment.

### VITAMINS AND MINERALS
For general health and immunity. High zinc composition to help delay diarrhea and expedite diarrhea recovery.

### EGG PROTEIN
Helps prevent infection and spasms in the gut epithelial cells.

ANTROVET

Ashkan
better for life

# Benuttingswaarde van sojareste deur vee onder die soeklig

**'n Uitbreiding in sojaboonverbouing vanaf die meer oostelike gebiede van Suid-Afrika na die meer westelikes word in die somersaaigebiede waargeneem. Dit neem gronde in beslag wat tradisioneel onder mielieverbouing was.**

**Johan Mouton, Tegniese Bestuurder: Pro Duk Ontwikkeling, Molatek**

Mielies as kontantgewas was nog altyd 'n belangrike skakel in ondernemings se veevertakking in terme van die oesreste uit 'n oorwinteringsoogpunt. Kan 'n soja-oesres 'n mielie-oesres vervang?

Volgens Esterhuyse (1990), wat drie jaar se data weergee, het 'n oesopbrengs van 1,5 ton sojabone per hektaar gemiddeld 3,51 ton materiaal op die land agtergelaat waarvan 170 kg sojapitte was.

Hierteenoor het 'n mielie-opbrengs van 4,6 ton, 4,43 ton materiaal gegee waarvan 200 kg pitte was.

Oesreste is deur skape benut en 59% van die sojareste se materiaal is verwyder teenoor mielies se 38% voordat die diere onder hul beginmassa begin inbeweeg het. Hierdie is waarskynlik toe te skryf aan sojareste wat fyner is as mieliereste.

By beide gewasse het groot variasie tussen seisoene voorgekom wat direk toegeskryf kan word aan die opbrengs van die graan vir die spesifieke seisoen. Die enkel bestuurbare faktor wat die hoeveelheid benutbare materiaal beïnvloed het, was die tyd ná stroop.

Wesenlike verwering kom voor met veral voëls wat die grootste gedeelte van die graankomponent verwyder en weidae ooreenkomstig drasties verlaag. Vir maksimum waarde uit oesreste, moet dit direk ná stroop bewei word.

## Hoe lyk sojareste se diereprestasie?

Soos reeds genoem, is diereprestasie direk afhanklik van die oesopbrengs. Oor drie seisoene het hamels 'n gemiddelde daaglikse massatoename van 48 g per dag op sojareste gehad.

Die hoë benuttingspersentasie van die oesreste dui moontlik op 'n wanbalans. Tydens verdere werk is hooi (oulandsgras) addisioneel op die oesreste voorsien, wat die GDT na 149 g verhoog het.

Dit wil dus voorkom of daar 'n tekort van ruvoer ontstaan het voordat die kwaliteit-gedeelte van die oesreste klaar ontgin was. Geen verskille kon tussen kultivars waargeneem word nie. Dit kan wees dat nuwer kultivars 'n groter ruvoerkomponent agterlaat en beter prestasie lewer. Onthou, hierdie syfers is die waarde van die soja-oesres sonder enige aanvulling.

Aangesien daar ’n gegewe hoeveelheid materiaal beskikbaar is, kan veebelading gemanipuleer word: baie diere vir ’n kort tyd versus minder diere vir ’n langer tyd. Produsente moet ook net die verweringsfaktor in gedagte hou.

’n Riglyn om te gebruik is om en by tien droë skape per hektaar vir handhawing van massa-onderhoud. Dit beteken dat diere die oesres met dieselfde massa verlaat as toe hulle geplaas is.

Normaalweg neem diere toe in massa tot ongeveer week agt, waarna massaverlies begin voorkom. Uit ’n boerderyoogpunt om in kuddeprestasie te voldoen en goeie ekonomiese prestasie te behaal in die voervloei van ’n kudde, sal ’n syfer van ongeveer sewe tot agt ooie vir ’n periode van twee maande per hektaar, ’n goeie gebruiksyfer wees; oftewel een bees vir twee maande. Die veronderstelling is dat diere die reste direk ná stroop begin benut.

Die baal van sojareste wat as ruvoer in byvoorbeeld volvoerrantsoene gebruik word, waarna beweiding plaasvind, kan ook oorweeg word om die maksimum uit die sojaverbouingsaksie te haal. Die kwaliteit van gebaalde sojareste is oor die algemeen beter as dié van gebaalde mieliereste.

## Wat is die gevare?

’n Sojaboon is goeie kos; met ’n ontleding van 38% proteïen en ’n energiewaarde van bo 80% totale verteerbare voedingstowwe (TVV). Mielies het ’n 8,5% proteïeninhoud met ’n ooreenstemmende TVV-waarde. Die aanpassing van ’n rumendier vir die benutting van soja-oesreste is presies dieselfde as vir mielie-oesreste behalwe vir een aspek.

Eerstens by kleinvee: Asidose, of meer algemeen bekend as suurpens, is net so, indien nie meer nie pertinent by sojareste as by mieliereste.

Die geleidelike aanpassing van diere op sojapitte is die beste raad. Aanpassing kan reeds op die veld begin. Begin op dag een met 100 g per dier per dag waarna dit geleidelik aangepas word tot op dag sewe met 500 g per dag. Dit is belangrik om vir ten minste nog ’n paar dae die pitte aan te hou gooi as die diere op die sojareste gaan om sodoende seker te maak hulle benut die pitte op die land.

Alternatiewelik kan aangepas word deur wei op lande te beperk, wat met 30 minute begin en

Sojabone kan ’n waardevolle bydrae tot voervloeibeplanning lewer.

oor ’n week verleng word totdat ad lib beweiding gedoen kan word.

Skape wat wel asidose opdoen, word gekenmerk deur opgeblaasde diere wat styf loop en diarree toon. Hierdie diere kan behandel word met 20 g – 30 g koeksoda. Hou die diere ’n paar dae fyn dop aangesien hulle neig tot longontsteking na asidose.

Vir die voorkoming van asidose, kan koeksoda rondom die aanpassingstyd in die lek ingemeng word, 10 g – 15 g koeksoda/dier/dag. Dit is tipies rondom 5% insluiting in ’n lek waarvan skape 250 g per dag vreet.

Sojareste is geneig om meer breekwol te gee, maar kan grootliks voorkom word deur reg aan te pas. By beeste is die probleem baie kleiner en diere kan oor ’n paar dae geleidelik blootgestel word aan die land, waarna hulle maar kan wei. Maak net seker genoeg ruvoer is beskikbaar.

Die uitsondering met sojabone, is dat diere wat ’n ureumbevattende lek tesame met rou sojabone ontvang weens ’n ensiematiese reaksie, potensieel meer geneig kan wees tot ureumvergiftiging.

Probeer hoë ureumbevattende lekke vermy, veral tydens die aanpassingsfase op sojareste. Binne konteks gesien, is ’n skoon, rou sojaboondieet met ’n ureumlek ’n definitiewe nee! Sojabone bevat ook ’n chemiese stof met die naam tripsien-inhibeerder, wat die werking van die verteringsensiem, tripsien, in die spysverteringskanaal belemmer. Hierdie is egter van akademiese belang op veral oesreste en by rumendiere.

## Opgesom

’n Sojares lewer ’n waardevolle bydrae tot ’n voervloeibeplanning. Die beste waarde word verkry deur dit so vinnig moontlik ná stroop te benut, met asidose as die grootste gevaar wat aktief bestuur moet word. Die aanvulling van

ruvoer blyk sojareswaarde veral by skape, beter te ontsluit.

Wees versigtig vir ureumbevattende lekke op sojareste met veral baie graan. 'n Sojares se kwaliteit neem vinniger af as dié van 'n mielieres en vergelykbaar het dit in die orde van 70% – 80% die aanwendingswaarde van 'n mielie-oesres in 'n voervloei.

Kontak Johan Mouton by moutonj@tsb.co.za of 083 278 7746 vir meer inligting.

## Verwysings


- Esterhuyse, C.D. 1990. Die voedingspotensiaal van somergraanoesreste vir wolskape op die Oos-Transvaalse Hoëveld. MSc. (Agric) – verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Esterhuyse, C.D. 1990. Die voedingspotensiaal van geoeste lande van somergraangewasse vir die somerreënsaaigebied. Finale verslag. Faset T5312/05/2/8. Departement van Landbou, Nooitgedacht.


Bron: https://www.grainsa.co.za/benuttingswaarde-van-sojareste-deur-vee-onder-die-soeklig

Come and join the
Algar Team
WE ARE
HIRING!
ARE WE
LOOKING FOR YOU?
Send your CV
algemeen@algar.co.za
Sales Representative

VLEISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
THE BEST BID
LEWENDEHAWE · STOETVEE · SLAGVEE · WILD · ALGEHELE UITVERKOPINGS · LOSGOED · EIENDOM
LIVESTOCK · STUD STOCK · SLAUGHTER STOCK · GAME · DISPERSAL SALES · MOVABLE ASSETS · PROPERTY
www.vleissentraal.co.za

# 6th Gear Nomad

*Photography & Video Productions*

## AGRICULTURAL

PHOTOGRAPHY AND VIDEOGRAPHY

AUCTIONS, CATALOGUES, AGRI FUNCTIONS,
ANIMALS, REALESTATE, EQUIPMENT

074 409 3929

doodskoot1965@gmail.com

www.6thgearnomad.co.za

# Vrektes aangemeld ná varkpes-uitbreking by George

**Minstens 45 varkvrektes is reeds in die George-omgewing in die Wes-Kaap aangemeld ná 'n nuwe uitbreking van Afrika-varkpes in die distrik. Die uitbreking is verlede week onder kleinboere aan die buitewyke van Groeneweidepark aangemeld.**

Dit is die vierde uitbreking van varkpes in die Tuinroetegebied sedert 2022. Vantevore is uitbrekings ook in KwaNonqaba en Mosselbaai aangemeld. Albei is opgelos. 'n Uitbreking in Thembalethu in 2022 bly egter steeds 'n bron van kommer, sê die Wes-Kaapse departement van landbou.

Sowat 250 varke is steeds in die geraakte gebied.

"Die gebied is onder kwarantyn geplaas en inwoners word gevra om geen varke of varkprodukte uit die gebied te neem nie om die verdere verspreiding van die siekte te verhoed."

Daar is in hierdie stadium geen entstof of behandeling vir Afrika-varkpes nie, met goeie bioveiligheidsmaatreëls wat as die beste manier bestempel word om die varkbedryf te beskerm.

Verskeie maatreëls kan die verspreiding van die siekte help beperk. Dit sluit in:

- die veilige verwydering van karkasse
- die beperking van varke se beweging sodat hulle nie die siekte kan opdoen en verder versprei nie
- die sanitering van hande, skoene, klere en toerusting voor en ná kontak met 'n vark
- die behoorlike gaarmaak van vleis voor dit aan varke gevoer word
- bevestiging dat varke gekoop is van kuddes wat vry is van Afrika-varkpes

Afrika-varkpes is spesifiek aan varke en raak geen ander dierespesies of mense nie.

"Varke wat by abattoirs geslag word, het die nodige vleisinspeksies ondergaan. Varkvleisprodukte in supermarkte is ook veilig vir menslike verbruik."

Die departement het 'n beroep op varkeienaars gedoen om bioveiligheidsmaatreëls te verskerp om hul kuddes teen die siekte te beskerm en die naaste kantoor van die staatsveearts te kontak sou hulle enige kommer hê.

**Christel Cornelissen**

Bron: https://maroelamedia.co.za/landbou/landbounuus/vrektes-aangemeld-na-varkpes-uitbreking-by-george/

vellefees
HEIDELBERG
14- 15 September '24

NUWE VERBETERDE FORMULERING

# SKAAPVETMES

## GROEI JOU SKAPE EN JOU WINS OPTIMAAL.

Die veelsydigheid en winsgewendheid van **Skaapvetmes** is 'n aanwins vir enige voerkraal en maak jou lewe as skaapboer net soveel makliker. Veelsydige **Skaapvetmeskonsentraat** kan ingemeng word in 'n aanpassings-, afrondings- of ramveilingsdieet.

- Ideaal vir die ekonomiese afronding van speenlammers, stoetramme en ou ooie.
- Verbeter voeromset en groei vir topgehalte karkasse.
- Verminder staandae in voerkraal sodat lammers gouer markgereed is.
- Verminder asidose en voorkom blaasstene.
- Verseker doeltreffende wolfollikel-ontwikkeling van lammers vir optimale wolproduksie.
- Uitstekende kruipvoer vir lammers.

Vir meer inligting oor Molatek se spesifieke voere en dienste, kontak:
**RCL FOODS:** www.rclfoods.com
**MOLATEK:** +27(0)13 791-1036 | www.molatek.co.za | molatek@rclfoods.com

Skaapvetmes (V14344) (Wet 36 van 1947)

MOLATEK

BOK.I

Die KD20 Reeks.
Hoë Spoed Kompakte Skottel Eë.

# Sleeptoestel.

**Geskik vir KD20/400 reeks.**

***Slegs R105 000 + BTW.***

*(Vervoer en installasie uitsgesluit.)*

## *Spesiale Aanbieding:*

***KD20/350 3.5m Vasteraam sleep R315 000.***
***KD20/400 4.0m Vasteraam sleep R335 000.***
***KD20/450 4.5m Vasteraam sleep R360 000.***
***KD20/500 5.0m Vasteraam sleep R380 000.***

Hendri 073 178 3491
Kantoor 058 110 0085

www.boki.co.za
info@boki.co.za

Pryse Sluit BTW uit.
Aflewering uitgesluit.

BOK Implemente (PTY)Ltd,
Bethlehem, trots Suid Afrikaans.
Kontak ons vir meer inligting.

# Legendariese Simmentaler-teler oorhandig die leisels

## Op Woensdag 13 Maart 2024 kom 90 wêreldklas-Simmentalers onder die hamer.

Oom Abraham Kruger (Foto: Clive Gardner-afslaers)

Abraham Kruger, wat al vir meer as 60 jaar lank teel, het in 1965 sy eerste diere ingevoer. In 1970 het hy twee keer diere uit Duitsland ingevoer en dit het 'n geweldige indruk op sy kudde gehad.

Oom Abraham en Ron Nolan van Bar 5 Ranch in Kanada het vir meer as 11 jaar 'n ooreenkoms gehad waar Abraham vroulike diere sou aankoop en van die heel beste bulle in die wêreld sou teel. Embrio's is gespoel en na Kanada uitgevoer waar dit in ontvangerkoeie op die Bar 5-landgoed geplaas sou word. Die kalwers is wêreldwyd verkoop.

Die genetika wat oom Abraham behou het nadat die ooreenkoms tot 'n einde gekom het, is van die beste in die wêreld, onder andere die "koningingbye" Toverberg Erika, en BAR 5 S.A. Lady Siska wat in Brasilië vir $1 000 000 verkoop is.

Die veiling vind plaas op die plaas Rietfonteinpoort distrik Colesberg.

Aanbod:

- 16 koeie en 16 kalwers
- 18 dragtige koeie
- 14 speenverse
- 14 speenbulle
- 12 bulle

Dit is die regte tipe Simmentalers wat in die Karoo presteer.

Besoek www.plase.co.za vir meer inligting.

Vir enige navrae kontak Hendrik Nel by 082 491 8289 of Dandré Nel by 076 503 7900.

Bron: https://maroelamedia.co.za/landbou/legendariese-simmentaler-teler-oorhandig-die-leisels/

landini
LANDINI 8-310
- 215 kW RATED POWER
- CVT TRANSMISSION
- 212 L/MIN CCLS HYDRAULIC SYSTEM
- ISOLATED HYDRAULIC RESEVOIR
- LIFTING CAPACITY 12 000 KG
- 2 YEARS / 2 400 HOURS WARRANTY
Made in Italy
UP TO
0%
INTEREST
30% DEPOSIT
36 MONTHS ANNUAL INSTALLMENTS
WesBank
Terms and conditions apply and finance is subject to approval. Initiation fee and service fee may be applicable.
WesBank - a division of FirstRand Bank Ltd. An Authorised Financial Services and
Registered Credit Provider. NCRCP20.
066 110 9758
Terms and conditions apply Valid until end FEB 2024 or while stock is available.
Landini. Passion for Innovation

#SustainabilitySynergised
PEOPLE | PLANET | PROFIT
BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
#IntegrityIntegrated
SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP | EARNING | EMPLOYEES | ENVIRONMENT

CLAAS
Strength is more than power.
Up to an impressive 650 horses and far beyond:
The all-new XERION 12 Series.

EKO

# EKO VEEMEDISYNE

Vir inwendige en uitwendige parasietbehandeling by:

- Beeste
- Skape
- Perde
- Wild en
- Pluimvee

Doseer ook velddiere, bv. duikers, steenbokke, ystervarke, jakkelse, hase en wildevoëls bv. kraaie, tarentale, valke, uile en wat ook by die waterkrippe drink aangesien velddiere die grootste parasietdraers is. Word deur veeartse aanbeveel.

Voordele:

- Ekodosering:

Geen newe effekte vir mense en diere.

- Geen arbeid:

Gooi slegs twee tabelette op 25 liter water weekliks in waterkrip.

- Ryk aan aminosure:

Help vinnige groei en herstel by diere aan..

**WET 36 VAN 1947**
**GEREGISTREER**
**REGESTRASIE NR: V33335**

**KONTAK MY BY:** Adri-Marie Nienaber
076 909 8830
adrinienaber9@gmail.com

# AgriTrac

Mbombela / Malalane

## LANDBOU TOERUSTING & ONDERDELE

Massey Ferguson · Mahindra Tractors & Utility Vehicles · TAFE · Martignani · Deutz-Fahr

**MASSEY TREKKERS EN MEER**

**MARTIGNANI WHIRLWIND PTO SPUIT**

1500L

**NOBILI MULCHER**

51-86KW

**1.65 DROM SNYER**

HIDROULIES / MEGANIES

**MAHINDRA TREKKERS**

4WD 90HP 66KW

**DEUTZ-FAHR TREKKERS**

42HP 31.5KW

**TAFE TREKKERS**

4WD 65HP 48KW

**SKAKEL NOU**

**MARTIN ODENDAAL**
079 522 1010

**JACO COETZEE**
072 823 2488

# Bosluisbeheer

**Dr JG Nel**
**Consulting Veterinarian – Kyron Agri**

**Daar is baie bosluisspesies wat in Suid-Afrika voorkom. Ons klassifiseer hulle breedweg as óf harde- (ixodid) óf sagte- (argasid) bosluise. Die harde bosluise kan ook breedweg geklassifiseer word as eengasheerbosluise of multigasheerbosluise. Tipiese een gasheerbosluise sluit die Afrika-bloubosluis (*Rhipicephalus (Boophilus) decoloratus*) en die Pantropiese bloubosluis (*Rhipicephalus (Boophilus) microplus*) in. Meergasheerbosluise wat algemeen voorkom sluit die Bruinoorbosluis (Rhipicephalus appendiculatus), die Bontpootbosluis (*Hyalomma truncatum*), die Bontbosluis (*Amblyomma hebraeum*), die Rooipootbosluis (*Rhipicephalus evertsi) evertsi*) en die Karooverlammingsbosluis (*Ixodes rubicundes*) in. Die twee sagte bosluise wat vir herkouers van belang is, sluit die sandtampan (*Ornithodorus savignyi*) en die stekelrige oorbosluis (*Otobius megnini*) in.**

Die lewensiklus van bloubosluise is baie kort en die ontwikkeling vanaf die eierstadium tot die larf-, nimf- en volwasse stadium, wat op een gasheer voorkom, kan so kort as 21 dae wees. Die volgesuigde bosluiswyfie lê ook tussen 1000-2500 eiers wat binne 3-6 weke sal uitbroei waarna die onvolwasse larwestadia sal wag om aan ’n gasheer te heg. Die getalle en bosluislading van bloubosluise kan dus baie vinnig en eksponensieel toeneem wat ernstige bosluislaste tot gevolg kan hê. Bloubosluisgetalle begin toeneem vanaf die lente en bereik piekvlakke gedurende die laat somer en herfs. Die lewensiklus van meergasheerbosluise neem oor die algemeen ’n langer tyd om te voltooi (6 maande tot etlike jare) omdat die verskillende stadiums op veelvuldige gashere sal klim en ontwikkel. Die wyfiebosluis lê ook ’n groot bondel eiers. Die getalle meergasheerbosluise begin oor die algemeen ’n bietjie later toeneem vanaf die begin van die somer en sal ook gedurende die herfsmaande ’n hoogtepunt bereik. Die getalle meergasheerbosluise kan ook aansienlik toeneem, en hoë bosluislaste kan bereik word.

Al hierdie bosluise het spesifieke voorkeurplekke om aan te heg op die diere. Die bloubosluise word byvoorbeeld algemeen oral op die liggaam aangetref, terwyl die bruinoorbosluise hoofsaaklik aan die ore van beeste heg. Bontbosluise en bontpootbosluise word gewoonlik aangetref op die bors, ventrale buik, spene, uiers en testes en om die anus. Bontbosluise en Bontpootbosluise heg ook tussen die kloue van kleinvee vas. As gevolg van hierdie bosluise se lang monddele kan hulle wonde, absesvorming en mankheid veroorsaak. Die identifisering van die bosluisspesies en die hul aanhegtingsplek is van belang om ’n

geskikte bosluisbeheerstrategie te ontwikkel en te implementeer.

Afgesien van die oordrag van bosluisgedraagde siektes, veroorsaak bosluise indirekte produksieverliese deur verminderde gewigstoename, bloedverlies, wonde, absesvorming, sekondêre brommerbesmetting, mankheid, skade aan huide en verlaagde vrugbaarheid.

## Beheermetodes:

Verskeie bosluisbeheermetodes en strategieë kan gebruik word om die negatiewe effek van bosluise te verminder. Aangesien die klimaats- en omgewingstoestande (topografie, habitat, fauna en flora) op elke plaas uniek is, sal elke plaas 'n unieke bosluisbeheerstrategie en spesifieke bosluisbeheerintervalle hê. Bosluisbeheermetodes wat gebruik kan word sluit dompeldip, spuitgang, rugsakbespuiting, opgietmiddels en inspuitbare oplossings in.

Die gebruik van dompeldip en spuitgange is baie effektiewe en kostedoeltreffende metodes om bosluise te beheer. Hierdie twee

metodes vereis genoeg water en toepaslike infrastruktuur, bestuur en instandhouding om optimale doeltreffendheid te verseker. Die gebruik van 'n rugsakspuit is een van die mees kostedoeltreffende metodes om bosluise te beheer en kan veral gebruik word wanneer dit slegs nodig is om kolbehandeling te doen om die spesifieke aanhegtingsplekke van spesifieke bosluise te teiken. Maar hierdie metode kan ook gebruik word om die hele liggaam van die dier te behandel indien nodig. Die opgietmetode is 'n baie gerieflike metode om te gebruik om bosluise te beheer, veral waar baie diere behandel moet word en waar die nodige infrastruktuur en hulpbronne nie in plek is om dompeldip of

spuitgange toe te laat nie. Inspuitbare oplossings is ook 'n baie gerieflike metode om bloubosluise te beheer. Langwerkende oplossings is beskikbaar wat kan help om bosluise vir langer periodes te beheer.

Daar is slegs 'n paar aktiewe bestanddele wat beskikbaar is om bosluise te beheer. Bosluisweerstand teen hierdie aktiewe bestandele is reeds wêreldwyd 'n ernstige probleem. Die korrekte strategie en verantwoordelike gebruik van hierdie dipmiddels word dus aangeraai om bosluisweerstand te voorkom.

KYRON AGRI

# MOENIE ROOI SIEN DIE SEISOEN NIE

# STOP

**ROOIWATER EN BOSLUISOORGEDRAAGDE GALSIEKTE (ANAPLASMOSE) IN HUL SPORE**

**Beskikbaar in:**
100mℓ

Reg. No. G4109 Wet 36/1947

Behandel & voorkom Asiatiese rooiwater vir tot 4 weke
Behandel & voorkom Afrika rooiwater vir tot 8 weke
Behandel bosluisoorgedraagde galsiekte (Anaplasmose)

**Beskikbaar in:**
50mℓ & 100mℓ

Reg. No. G3911 Wet 36/1947
NSO V13/17.4.2/1187 Wet 13/2003

Behandel & voorkom Asiatiese rooiwater vir 2 weke.
Behandel & voorkom Afrika rooiwater vir 4 weke

**Babex:** Reg. Nr. G4109 Wet 36/1947. Imidocarb dipropionate 12 % m/v. **Rednil:** Reg. Nr. G3911 Wet 36/1947. NSO V13/17.4.2/1187 Wet 13/2003 Diminazene 70 mg/mℓ, Phenazone 375 mg/mℓ. **Registrasiehouer:** Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika. Tel: 0861 247 463.

A PROUD BRAND OF KYRON

KAH/PM005/2022/1

WFSA
WHOLESALE FENCING SA

SABS APPROVED

PROUDLY SOUTH AFRICAN

1 - 29 FEBRUARY 2024

# Specials FEBRUARY DEALS

PRICE INCLUDE 15% VAT

WHOLEVIEW SECURE 1.8 M X 3M X 50 X 100 - R 399

# WHOLEVIEW FENCING

012 682 0150 - CENTURION
051 880 0220 - BLOEMFONTEIN

061 803 4783

SALES@WSFAFRICA.COM
WWW.WSFAFRICA.COM

SANTA SELECT SALE - 12 SEPTEMBER

Contact: Willie de Jager | +27 82 565 5445

# Het jy geweet?

## GROENTE SAAIGIDS

vir somer -reënval gebiede in Suid-Afrika

| Groente soort | Januarie | Februarie | Maart | April | Mei | Junie | Julie | Augustus | September | Oktober | November | Desember |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aartappels | | | | | | | | | | | | |
| Amaranth | | | | | | | | | | | | |
| Artichokes, Sjinees | | | | | | | | | | | | |
| Aspersies | | | | | | | | | | | | |
| Beet | | | | | | | | | | | | |
| Blaarslaai | | | | | | | | | | | | |
| Blomkool | | | | | | | | | | | | |
| Bone | | | | | | | | | | | | |
| Broccoli | | | | | | | | | | | | |
| Brusselse Spruite | | | | | | | | | | | | |
| Eiervrug | | | | | | | | | | | | |
| Ertjies | | | | | | | | | | | | |
| Komkommer | | | | | | | | | | | | |
| Kool | | | | | | | | | | | | |
| Murgpampoentjies | | | | | | | | | | | | |
| Okra | | | | | | | | | | | | |
| Pampoen | | | | | | | | | | | | |
| Raap | | | | | | | | | | | | |
| Radyse | | | | | | | | | | | | |
| Rubharb | | | | | | | | | | | | |
| Seldery | | | | | | | | | | | | |
| Skorsies | | | | | | | | | | | | |
| Soetpatat | | | | | | | | | | | | |
| Soetrissies | | | | | | | | | | | | |
| Spanspek | | | | | | | | | | | | |
| Spinasie | | | | | | | | | | | | |
| Suikermielies | | | | | | | | | | | | |
| Swiss Chard | | | | | | | | | | | | |
| Tamatie | | | | | | | | | | | | |
| Uie | | | | | | | | | | | | |
| Waterspanspek | | | | | | | | | | | | |
| Wortels | | | | | | | | | | | | |

Duly instructed by our valued client Anthony Mundell, the following items will be auctioned

## TOTAL DISPERSAL SALE

# ARGYLE FARMING

## Tuesday 27 February 2024 at 11h00

**Argyle Farm, Quanti - GPS: 32°21'38.0"S 27°27'07.6"E**

## Vehicles, Implements, Equipment & More

**VEHICLES:** 2005 Toyota Hilux DE + Stockman rails (241,000 Km) - 2013 John Deere 5503 4x4 Tractor (2193 Hours) (Excellent condition) - 1987 Tractor Trailer (4.1m x 2m) - 2002 Kei Bodies Sheep Trailer (2.5m x 1.3m) - 2001 Sheep Trailer with towing eye (2.5mx1.4m)

*Vehicles and trailers licenced. Roadworthy is the responsibility of the Purchaser*

**IMPLEMENTS:** MOFL18 Offset Disc - 5t Ripper Plough - 3 furrow Moldboard Plough - 3 furrow Disc Plough - 9 Tine MF Cultivator (2m) - 7 Tine Spring tiller (1.8m) - Dam Scoop single swivel wheel (1.5m) - Small grader blade - Small Cambridge roller (2.5m)

**EQUIPMENT:** Hydraulic Wool press - Staalmeester 6116 IRS Hammermil- Falcon F40/150 Slasher - PTO Shaft (Feed mixer-1.2t) - Rolo 1.2t Feed mixer (7.5KW) - BPI 600 litre 12m Boom sprayer - Calf tilting clamp

**LOOSE ITEMS:** 1000lt Horizontal Water Tank - Wool bale trolley - 3 Sheep water troughs - Cattle water trough - 16 Creep feed gates - Scaffolding - 8kg Grease gun - Block and Tackle (1 ton) - Windmill pipe holding clamp + Strap chain wrench - Stafix 36 Black Energizer - Stafix X3 Unigizer - Bobbins, strain insulators, earth spikes - 29 Tyre feed troughs - 6 Wooden wool bins - 13 Metal/net bin gates & 8 fronts - Various wool sorting tables

BKB LIVESTOCK & AUCTIONEERING

**ENQUIRIES: Ant Mundell 082 321 2311 | Gary Cawthorn (BKB) 082 321 0664**

**AUCTIONEER: JP Marais (BKB) 060 551 6537**

For more details and conditions of sale please visit our website www.bkb.co.za.

AUCTIONEERS: PO Box 304, Cradock, 5880 | Tel: 048 881 3090 Fax: 048 881 2605 | Email: bemark.cradock@bkb.co.za | Reg.Nr. 1998/012435/06

GROEP 3
MERINO

# 20ste Produksie Veiling

## 29 FEBRUARIE 2024

GRAAFF-REINET | 12H00

## AANBOD: 45 HORING & POENSKOP MERINO RAMME

*BOTANIESE SPORTGRONDE | GPS: S 32° 14'55.4" E 24° 31'32.3"*

MERINO

Groep3 Merino's

Theo Potgieter:
072 356 8940

Kleintjie Pienaar:
082 823 0648

Jaco Potgieter:
082 2104160

BKB
LEWENDEHAWE & AFSLAERSDIENSTE

**Afslaer** JP Marais (BKB):
060 551 6537
Christiaan Marincowitz (BKB):
082 826 0668

# 16TH OVERVAAL DEXTER CLUB AUCTION

Overvaal Dexters

## 02 MAR 2024

## 11:00 SATURDAY

**WILLEM PRINSLOO LANDBOU MUSEUM**
**R104 OLD PRETORIA ROAD, DISTRICT RAYTON**

Rocco Van Rooyen 082 799 2776 | Moolman Mentz 083 229 2500 | Billy Lyons 082 785 5498
Tian Botha 082 784 8804 | Nean van Zyl 076 324 2493

**4 BULLS**

**60 FEMALE ANIMALS**

**40 SUPERS & WEANED CALVES**

BKB

Volledige veilingsreëls is beskikbaar by: www.bkb.co.za

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

De Oude Kraal Dorpers

# Production Auction!

High Quality adaptable Dorpers on Bid!

**FIRE & WINE VENUE**

PRETORIA

**16 MARCH 2024 | 11:00**

Invest in adaptable Dorpers! Your success is in our interest!

## DE OUDE KRAAL DORPERS *from Rustenburg, NW*

Deon Cilliers
Cell: 079 887 4956

On the Northern slopes of the Magaliesberg, in high Hartwater veld, we strive for size, fertility, adaptability & early Market readiness!



DORPER

Jowilize Dorpers, Established in 2017 with well adapted animals. Bred for fertility, hardiness and longevity.

Elize Visser Cell: 082 428 1406

## JOWILIZE DORPERS *from Potchefstroom, NW*

VLEISSENTRAAL BOSVELD

**BEMARKER** Peet Kruger 082 809 3836 · **AFSLAER** Craig le Roux 082 808 7747
**BOSVELD TAK** potgietersrus@vleissentraal.co.za • www.vleissentraal.co.za

PRETORIA

# NASIONALE SAVANNA & VAN ROOY VEILING

# TOP WHITE Genetics

VAN ROOY

## Van Rooy
100 OOIE
20 RAMME

## Savanna
66 OOIE
10 RAMME

# 21 MAART 2024

11:00
LITTLE FARM KIMBERLEY

SWIFT VEE
bie aanlyn
www.swiftvee.com

Vir meer inligting besoek André Kock en Seun Facebook Blad.

**SCHALK ERLANK : 082 558 6891**
**TAT SCHOLTZ : 082 493 6306**
**HERMAN SCHOLTZ : 082 822 6267**
**HENNIE GOOSEN (AFSLAER): 079 490 4693**

ANDRÉ KOCK & SEUN/SON BK
Lewendehawe Afslaers & Eiendomsagente
Livestock Auctioneers & Estate Agents

053 927 1981

VERKOOP VOORWAARDES: Rekeninge moet vereffen word direk na afloop van veiling dmv kontant of elektroniese fondsoordrag. Sodra totale bedrag in ons rekening reflekteer kan items/diere gelaai word. Kontanthanteringsfooie sal gehef word op alle kontanttransaksies. FICA dokumentasie (ID / paspoort en bewys van verblyf) moet teenwoordig wees om transaksie af te handel.

# Resep

## Crockpot Chicken Cordon Bleu

**Hierdie heerlike crock pot hoender cordon bleu is belaglik maklik. Dit word gemaak met hoenderborsies, skywe ham, kaas, en 'n sous gemaak met gekondenseerde sop.**

**Die afgebeelde gereg is gemaak met Muenster-kaas, hoewel Switserse, Mozzarella, of enige dun gesnyde kaas mag gebruik word. Tandstokkies of spiesjies kan gebruik word om die hoenderrolletjies bymekaar te hou, of hulle op 'n paar plekke met 'n kombuisdraad vas te bind.**

### Wat jy benodig

- 1 1/2 tot 2 pond hoenderborshalwes (4 tot 6 klein hoenderborsies of kotelette)
- 4 tot 6 stukkies ham
- 4 tot 6 skywe Switserse of Mozzarella-kaas
- 1 kan room van sampioen sop (kan gebruik enige room sop )

### Hoe om dit te maak

1. Hoenderborsies kan grootliks wissel. In 1 1/2 pond het jy dalk twee groot hoenderborsies of 4 kleintjies. As jy met groot hoenderborsies werk, sny elkeen halfpad horisontaal om twee dunner snyplante te maak.
2. Plaas 'n groot vel waspapier of perkament op die toonbank. Plaas die hoenderborshalwes of kotelette op die papier, en laat sowat 4 sentimeter tussen hulle. Bovenkant met 'n ander vel papier (of plastiek wrap). Smeer elke hoenderborsie of kotelet saggies met die gladde kant van 'n vleismenger of 'n ander soort gladde, swaar vleismenger.
3. Plaas 'n dun stuk ham op elke stukkie hoender. Sny die ham om in te pas, indien nodig. Plaas skywe kaas op die ham.
4. Rol die hoender, ham en kaas op en maak dit vas met tandestokkies of 'n stuk kombuisdraad.
5. Plaas die hoender in die stadige stoof, stapel, indien nodig.
6. In 'n bak kombineer die gekondenseerde sop en melk. Klits tot glad. Skep lepel oor die hoenderrolletjies.
7. Bedek en kook vir 1 uur op HIGH. Verminder die hitte tot LAAG en bly vir 3 uur kook, of totdat die hoender sag en gekook word.
8. Die minimum veilige temperatuur vir hoender is 165 F (73.9 C).
9. Bedien oor warm gekookte noodles of rys; Skep die sous oor die hoender.

### Wenke en Variasies

Voeg 'n klein kruik gesnyde of vol sampioene (gedreineer) by die sous by, of sowat 6 tot 8 ounces gesnyde sampioene in 'n paar teelepels botter soteer en voeg dit by. Opgemaakte gedroogde sampioene sal 'n goeie toevoeging wees as gevolg van hul intense, aardse geur.

Garneer met gekapte vars pietersielie of grasuie.

Gee die sous 'n dieper goue kleur met sowat 1/4 tot 1/2 teelepel sousbruinsous, soos 'n kombuisboeket of soortgelyke sous (in die sous-afdeling in die meeste supermarkte).

Van Teresa *"Dit is die beste resep wat ek so ver probeer het, baie lekker."*

Bron: https://af.hiloved.com/crockpot-chicken-cordon-bleu/

@droughtmaster_sa

Tag ons in jou foto's @boerhier
@mazel_bonsmaras

@groenvleifarms


@cherokee_borans

@mg_jacobsz_farming


@schyff_beefmasters

@mc_borane

# Wat sê die Markte

## Bees

A2/3 = R 54.08

B2/3 = R 47.92

C2/3 = R 47.15

SPEENKALF = R 36.00

## Skaap

A2/3 = R 82.78

B2/3 = R 61.27

C2/3 = R 59.83

STOORLAM = R 37.67



## Bokke

Ooie = R 38.50

Kids <30kg = R 48.92

Kids 30-40kg = R43.50

Kids > 40kg = R 42.28

## Pluimvee

Bevrore = R 36.07

Vars = R 37.08

IQF = R 33.11

## Vark

Porkers = R 32.25

Baconers = R 31.63

## Safex

Mielies = R 4260 /t

Sojabone = R 8131 /t

Sonneblom = R 8400 /t

Koring = R 5874 /t

## Geld Eenhede

R / $ = R 19.31

R / £ = R 24.48

R / € = R 20.90

**Soos by 23 Februarie 2024**

**www.amtrends.co.za**

# Vorige Uitgawes



## Kliek hier

# BOERhier

*'n Boer is gekies deur God*

Génesis 28:15

'En kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou bewaar oral waar jy heengaan,..'

- Ons moet onsself daaraan herinner dat God met ons is.
- Hy sal jou bewaar en vir jou sorg.
- Hy sal met jou wees waar jy oral heengaan.
- Hy sê vir jou: 'Ek is met jou en Ek sal jou bewaar!"

Gebed: Vader, dank U vir U voortdurende en blywende aanwesigheid in my lewe. Ek maak staat op U, want U weet wat vir my die beste is en U dra my beste belange op die hart. U is my Hemelse Vader en U sal vir my sorg. Amen.

*Lizelle*

Dankie dat jy lekker saamgelees het! Stuur hierdie e-tydskrif aan na jou kontakte toe sodat hulle ook deel kan wees van ons familie!

www.boerhier.co.za

Foto: Christine Vosloo Fotografi